



OMSENBRIEF NR. 1/2019

9 Januarie 2019

Geagte Ouers / Voogde

1. **WELKOM**

Dit is altyd wonderlik om elke ouer/voog en leerders op die eerste dag van die nuwe skooljaar hartlik te verwelkom. 'n Spesiale woord van verwelkoming aan al die nuwe leerders en hul ouers wat vir die eerste keer by ons skool aangesluit het. Ons vertrou dat u verbintenis met ons baie lank en aangenaam sal wees. Mag al ons nuwe leerders sommer gou tuis voel. Ons wens u, die ouer en leerders, net die mooiste toe vir 2019 en ons vertrou dat ons skool altyd aan u en u kinders se verwagtinge sal voldoen.

2. **PERSONEEL 2019**

Skoolhoof	: Me A Daniell
Adjunkhoof	: Mnr K De Jager
Gr. RR Afrikaans	: Me. M. Theron
Gr RR Engels	: Me. S. Van Rooyen
Gr. R Afrikaans	: Me. R Cooke
Gr. R Engels	: Me J Conradie
Gr. 1 Afrikaans	: Me H Nel
Gr. 1 Engels	: Me K Teubes
Gr. 2 Afrikaans	: Me M Ungerer
Gr. 2 Engels	: Me A Coetzee
Gr. 3 Afrikaans	: Me J Janse v Rensburg
Gr. 3 Engels	: Me M Stow
Gr. 4 Afrikaans	: Me K von Berg
Gr. 4 Engels	: Me M Williams
Gr. 5 Afrikaans	: Mr W Bronkhorst
Gr. 5 Engels	: Me Z Theron
Gr. 6 Afrikaans	: Mnr D Puren
Gr. 6 Engels	: Mnr A Faure
Gr. 7 Afrikaans	: Me N Blignault
Gr. 7 Engels	: Mnr S Botha
Sekretaresse	: Me N Bryant, Me. I Noome
Boekhoudster	: Me Z Terblanche
Faktotum	: Mnr Jan Greeff en Mnr John Sikani

3. **SKOOLFONDS**

Die skoolgeld vir 2019 is soos volg: Gr 1-7 = R1050 per maand x 11 maande

Pri-Primêr en Gr R = R 1 200 per maand x 11 maande

Daar sal maandeliks teen ouers, wat agterstallig raak met skoolgelde, opgetree word soos in die Resolusie deur die beheerliggaam by die begrotingsvergadering aanvaar, ooreengekom.

Skoolgelde moet op die laaste dag van die maand betaal word en geen uitsonderings sal gemaak word nie a.g.v. die huidige situasie wat ontstaan het m.b.t. agterstallige skoolgelde.

Skoolgelde kan in ons bankrekening inbetaal word. Ons bankbesonderhede is:

Laerskool Charlo

Bank: STANDARD BANK

Rek Nr. 080351514

Takkode: 050417

Verwysing: U kind se naam en van asook Graad asseblief.

Indien n ouer vir vermindering van skoolgeld wil aansoek doen, moet hulle asb voor einde Februarie 2019 n vorm by die kantoor kry. Daar moet jaarliks aansoek gedoen word vir vermindering van skoolgeld. Sodra n ouer se finansiële posisie verbeter, verval die toeweging wat gemaak is.

NB Geen ouer wat verlede jaar by die skuldinvorderaars oorgegee is, se kind/ers sal toegelaat word in die voorskool/pre- primêr of nasorg nie. **GELIEWE DAAROP TE LET DAT DIE BETALING VAN SKOOLFONDS WETLIK VERPLIGTEND IS.**

4. **OORTREK VAN BOEKE**

Alle hand- en skryfboeke moet netjies oorgetrek word. Plastiek vir handboeke sal voorsien word. **GEEN** geskryfery of geteken word in die handboeke toegelaat nie. Indien u kind/ers oortree, sal u 'n nuwe handboek moet aankoop. Die handboeke is **baie duur om te vervang**. **Alle** boeke moet teen **Vrydag, 1 Februarie** oorgetrek wees asb.

5. **SPORT**

Ons sal graag wil sien dat elke leerder aan 'n somer- en wintersport deelneem. Indien u kind/ers besluit om aan 'n sportsoort deel te neem, moedig hom/haar aan om die oefeninge getrou by te woon. Indien 'n leerder besluit om aan 'n sportsoort deel te neem, kan hy/sy nie na n paar oefeninge ophou om die sportsoort te beoefen nie. Ons skryf ons spanne in die liga in na aanleiding van die aantal leerders wat onderneem om deel te neem vir die seisoen. (***Geen oefening - geen wedstryd***)

Leerders in ons skool kry 'n sertifikaat by die prysuitdeling indien hulle aan n sportsoort gedurende die jaar deelgeneem het. Indien 'n speler/spelster nie die **hele** seisoen gespeel het nie, sal hy/sy **nie** 'n sertifikaat ontvang nie. Ons sal graag wil sien dat ons leerders weer so pragtig soos verlede jaar presteer.

6. **AFSPRAKE MET DIE SKOOLHOOF**

Indien daar werklik 'n probleem is wat u met my wil bespreek, is u altyd welkom om my te kom spreek, **solank u net eers n afspraak deur Me Noome in die kantoor maak**. My kantoordeur staan altyd oop vir u, maar dit is baie moeilik om my dag te beplan as ouers onverwags opdaag. Ek gee ook self klas en sal nie heelyd in die kantoor beskikbaar wees nie.

7. **OUERS IN EN RONDON SKOOLGEBOU**

GEEN ouer/voog word in die skoolgebou (gange of by klasse) toegelaat, voordat u nie by die sekretaresse aangemeld het nie. **Geen volwassene sal na die tweede week van hierdie kwartaal toegelaat word om leerders by hulle klasse of op die speelterrein te besoek nie**. Wag asseblief by die **HEKKE OF BUIE LANGS DIE GRENSMUUR**. Hierdie eerste twee weke is **SLEGS VAN TOEPASSING OP ONS**

GRONDSLAGFASE KLASSE (GR. 1 TOT 2) wat nog vreemd by die skool is en dus by die klasse gehaal kan word. Ons vra asseblief u vriendelike samewerking in hierdie verband.

Kodes vir kleinhekkies sal slegs tussen 6:30 en 8:00 soggens en vanaf 14:00 in die middag werk. Die Gr R, 1 en 2 onderwysers sal die hekke oopsluit wanneer hulle klasse verdaag. Die rede hiervoor is dat ons wil verseker dat alle persone wat gedurende skooltye die skool binnekom, van die hoofhek se klokkie gebruik maak. Dit is al hoe ons die besoekers kan beheer en die leerders se veiligheid kan verseker. Alle deure na die skoolgebou sal ook tydens skoolure gesluit word en slegs vir pouses en verdaging oopgesluit word. Sekuriteit en u kind se veiligheid is belangrik vir ons. Bg stappe help ons om beheer te neem van die skool se veiligheid.

8. **MERK VAN ARTIKELS EN SKOOLDRAG**

Alle leerders (graad 1 tot 7) **MOET** die **KORREKTE** skooldrag dra. **GEEN TEKKIES** of **ANDER KLERE** sal toegelaat word nie, behalwe op siwwiedae. Ons is **baie** trots op ons skool en wil hê dat ons leerders altyd netjies vertoon en sodoende die goeie naam en beeld van ons skool na buite dra. **MERK ASSEBLIEF** u kind/ers se klere. Verpligte klere vir sport kan nou by die klerestoor aangekoop word.

Merk ook asseblief die skryfbehoeftes, handboeke, koshouers, kryte, potlode, penne, ens. Die personeel kan **nie** verantwoordelikheid aanvaar indien klere of skryfbehoeftes weggaak nie. Moedig u kind/ers aan om hul klere en benodigdhede goed op te pas.

Tydens die somer versoek ons dat die seuns kortbroek dra - en nie onnodiglik sweetpakbaadjies skool toe bring nie, want hulle laat dit net rondlê en dit raak verlore.

9. **SKOOLURE**

Voorskool	08:00 tot 12:00
Pre-primêr	08:00 tot 12:30
Graad 1 tot 2 leerders	07:50 tot 13:35
Graad 3 leerders	07:50 tot 14:05
Op Vrydae verdaag Gr 3 vroeër	07:50 tot 12:35
Graad 4 tot 7 leerders	07:50 tot 14:05

Leerders **MOET** betyds by die skool wees asb. Ons dissipline begin by stiptelikheid en korrekte skooldrag.

10. **GEDRAGSKODE**

Die hersiene gedragskode is op D6 beskikbaar

11. **KLASVERGADERINGS - OUERINLIGTINGSAADE**

Gr R – Donderdag 10 Januarie 2019

Gr 1-3 Maandag 14 Januarie 2019

Gr 4-7 asook LSEN 15 Januarie 2019

Almal vergader eers in saal om 17:30. Alle ouers sal daarna in die **KLASKAMERS** vergader.

Inligting aangaande skoolaangeleenthede wat op u en u kind/ers van toepassing is, sal aan u deurgegee word. **GEEN LEERDERS** word by hierdie vergaderings toegelaat nie. Die prefekte sal aan diens wees om u na die klasse te vergesel. Slegs die voordeur sal as toegang dien.

12. **AFSKEURSTROKIES**

ELKE brief wat u gedurende die jaar ontvang, sal 'n afskeurstrokies bevat. U **MOET** dit asseblief

VOLLEDIG VOLTOOI, want dan weet ons u, as ouers/voogde, het die inligting ontvang. Stuur dit asseblief die **volgende dag** saam met die oudste kind in die skool terug. Ons gee slegs omsendbriewe uit vir die oudste kind in ons skool.

13. **HANDBOEKE**

Sommige leerders se splinternuwe handboeke is werklik in 'n gehawende toestand en totaal onaanvaarbaar. Ouers sal aan die einde van die jaar n rekening ontvang om n boek te vervang indien u kind die boek nie oppas en in n redelike toestand terugbesorg nie. Aantekeninge word nou gemaak oor die toestand van elke boek wat u kind ontvang. Ons verwag dat die kind die boek in min of meer dieselfde toestand moet teruggee. ('n Handboek se gemiddelde prys wissel tussen R140 -R180.)

Die Superintendent-Generaal van onderwys in die Oos-Kaap se instruksie is dat indien n leerder nie so 'n gehawende of verlore handboek vervang nie – **HY GEEN HANDBOEKE SAL ONTVANG VOORDAT DIE ANDER VERVANG IS MET NUWE BOEKE NIE. Ons moes verlede jaar oor die 200 handboeke afskryf. Dit is n groot onnodige koste vir die skool.**

14. **BELANGRIKE DATUMS**

7 Januarie	Skole heropen vir onderwysers
9 Januarie	Skole heropen vir leerders Saal: inhuldiging van komiteelede – 8:30vm
10 Januarie	Gr R Oueraand
14 Januarie	Gr 1-3 Oueraand
15 Januarie	Gr 4-7 + LSEN Oueraand
18 Januarie	Ouer en Onderwyserbraai (Lapa)
Hou asb D6 dop vir belangrike datums gedurende die kwartaal	

15. **SMS-STELSEL**

Die skool benodig u selnommer vir ons SMS-stelsel. Alle belangrike boodskappe sal per SMS aan u gestuur word. U moet ook, indien u nommer verander, dit dadelik by die kantoor laat verander. U kind kan siek raak en dan kan ons u nie kontak nie.

16. **NASORG**

Hierdie gelde is streng vooruitbetaalbaar en geen ander reëlings sal aanvaar word nie. Die fooie is R690 vir voldag.

17. **MEDELVE**

Ons innige meegevoel aan alle families wat verlede jaar asook hierdie jaar, 'n lid van hul familie aan die dood afgestaan het. Woorde klink dalk leeg, maar vertrou dat ons wel aan u dink en u altyd in ons gebede is.

Vriendelike Charlogroete

.....

A DANIELL
SKOOLHOOF

